VARKVLEISPROGRAM @ NAMPO/ALFA 2020

Die NAMPO/ALFA 2020 aanlyn-varkvleisprogram in samewerking met SAPPO & SAMIC.

NAMPO/ALFA poog om al die vee-produksiespesies wat onder die Veeverbeteringswet geregistreer is, by die program in te sluit. Sedert ALFA 2 was die varkbedryf 'n geïntegreerde deel van die program @ ALFA. Met die skuif van ALFA na Nampo Park, is daar uitgesien om hierop te bou.

2020 het egter uitdagings kom stel wat reëlings heeltemal verander het. Die aanbieding van die eerste NAMPO/ALFA 2020, 24-26 September 2020 te Nampopark is amptelik op 1 Julie 2020 weens die Covid-19 regulasies gekanseleer. Daar is ook op hierdie stadium geen moontlikeid dat die geleentheid uitgestel sal word tot 'n latere datum nie. Al die projekte van NAMPO/ALFA 2020 sal dus in 'n aanlyn formaat aangebied word en, hoewel ons dit gaan mis om almal op Nampopark te verwelkom, voeg die aanlyn formaat 'n nuwe dimensie tot die projekte toe. Dit geld ook vir ons varkvleisprogram by NAMPO/ALFA 2020 en ons vertrou dat die program wat ons saamgestel het, aan die verwagting sal voldoen.

NAMPO/ALFA werk saam met Agri Gauteng, SAMIC & SAPPO om hierdie jaar se varkvleisprogram in 'n aanlynformaat moontlik te maak. Die program bestaan uit 'n karkaskompetisie en 'n varkvleiswebinaar asook die uitrol van 'n varkboerderyprogram by landbouskole. Die geleenthede word op Agri Gauteng se Agri kanaal (wat deur DigiTV ondersteun word) uitgesaai in dieselfde week as SAMIC se nasionale prysuitdeling, wat ook die varkbedryfs-wenners insluit. Die uitsendings sal op die DigiTV platform beskikbaar wees asook die NAMPO/ALFA webblad. Op hierdie manier skep ons 'n varkvleisprogram wat oor die bestek van een week aangebied word aan 'n gefokusde gehoor. Op hierdie manier word 'n nasionale gehoor bereik wat of betrokke is in die varkvleisbedryf, of belangstel om deel te neem.

Nogmaals baie dankie aan al die borge en vennote wat hierdie program moontlik maak:

- ENVARTO naamborg van die karkaskompetisie & webinaar
- Die onderskeie borge van die varkvleis webinaar
- Agri Gauteng se Agri-kanaal wat die aanlyn uitsendings hanteer
- SAPPO & SAMIC wat as bedryfsvennote optree
- Lynca meats
- Die verskillende genetika maatskapye wat die program ondersteun: Danbred, PIC & Topigs Norsvin
- GWK Veewinkel wat die karkasveiling sal hanteer
- Die PLAAS landboujeug Stigting van die skoleprojek koördineer

Dit spreek van maatskapye en organisasies wat 'n werklike verbintenis tot die bedryf het en nie net "mooiweers-vriende" in goeie tye is nie. Daarom verdien hierdie maatskapye en organisasies die varkvleisbedryf se ondersteuning.

Hier volg die varkvleisprogram vir NAMPO/ALFA 2020. Hierdie datums is redelik finaal en enige veranderinge sal onmiddelik gekommunikeer word.

Albert Loubser is die koördineerder van die program en kan gekontak word by 082 562 2188 of per epos by albertloubser@gmail.com. Besoek ook die Nampo/ALFA Facebookblad en webblad vir verder inligting.

VARKVLEISPROGRAM @ NAMPO/ALFA 2020

Die NAMPO/ALFA 2020 VARKVLEISPROGRAM: 9-13 Nov 2020			
DATUM/ TYD	**AKTIWITEIT**	**BORG**	**BESKRYWING**
Sondag **25 Okt** Heeldag	ENVARTO karkas kompetisie	• ENVARTO • SAMIC • LYNCA MEATS	Aflewering van varke by die Lynca abbatoir
Dinsdag **27 Okt** Heeldag	Plasing van varkkuddes by 3 landbouskole	• PLAAS landboujeug Stigting • PIC • Topigs Norsvin • Danbred	Plasing van varkkuddes by 3 verskillende landbouskole deur drie verskillende genetika maatskapye.
Woensdag **28 Okt** 09h00- 12h00	ENVARTO varkvleis webinaar	• ENVARTO • SAPPO	Prysuitdeling van die karkaswenners. Webinaar oor varkvleis kwaliteit en bevordering van verbruik. Spreker: Prof Phillip Strydom
Woensdag **28 Okt** 12h00	Varkkarkas veiling	• GWK Veewinkel • Lynca Meats	Opveil van die wen-karkas van die karkaskompetisie asook die wengroep van 4 karkasse
Woensdag **28 Okt** 14h00- 17h00	ALFA Varkproduksie webinaar	• Naamborg TBA • ENVARTO • PIC/ Danbred/ Topigs Norsvin	Bespreking van die verskillende voedings- en gesondheidspraktyke wat die porduksie van top kwaliteit karkasse sal bevorder.
Donderdag **29 Okt** 10h00- 12h00	SAMIC nasionale aanlyn-prysuitdeling	• Naamborg TBA • SAMIC	Die nasionale prysuitdelings geleentheid van SAMIC waar oa die wenners van die varkafdeling vir 2019/2020 aanlyn aangekondig word.